140/84

FREDERIK KAMFER

EN

DIE STAAT

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

FREDERIK KAMFER .................. Appellant

EN

DIE STAAT ........................ Respondent

Coram: CILLIé, HEFER, ARR *et* SMALBERGER, Wn AR

Verhoor: 5 November 1984

Gelewer: 28 November 1984

---

## UITSPRAAK

CILLIé, AR :

Die appellant het die oorledene op die oggend van 23 September 1983, in Elanistraat, Upington, om die lewe gebring. Ongeveer ses maande

later .... / 2

later het hy in die Rondgaande Hof aldaar op 'n aanklag van moord tereggestaan. Hy is skuldig bevind en ter dood veroordeel. Met verlof van die verhoorhof kom hy nou teen sy skuldigbevinding in hoër beroep. Om tot 'n beslissing in hierdie appèl te kom, is dit nodig om al die relevante getuienis en omstandighede in oënskou te neem.

Die voorval wat tot die dood van die oorledene gelei het, was nie die eerste ontmoeting tussen die oorledene, as 'n geregsdienaar, en die appellant, as 'n vermeende daggabesitter, nie. Sowat drie weke tevore het die oorledene en 'n medekonstabel, ene Tywili, met 'n vangwa in die straat langs die appellant en 'n vriend stilgehou. Die

vriend .... / 3

vriend het weggehardloop; Tywili het hom agternagesit en gevang; dagga is in sy besit gevind. Tywili het die vriend in die vangwa gelaai en toe die oorledene gehelp om die appellant aan te hou want hy het hom verset. Nadat hy bedwing is, is 'n dagga-sigaret gevind op die plek waar hy en die oorledene gestoei het. Toe hy uiteindelik in die vangwa gesit word, het die appellant gesê dat, voordat die oorledene hom weer oor dagga sou vang, hy die oorledene sou doodsteek. Dit is nie nodig om verder na die dagga-saak teen die appellant en sy vriend te verwys nie; terwyl die appellant op borg uitgelaat was, het hy die oorledene doodgesteek.

Gedurende .... / 4

Gedurende die middag van 22 September, die dag voor die noodlottige aanval, het die appellant die Oranje Stap Kafee wat naby die nie-blanke woonbuurt en 'n bushalte geleë is, binnegegaan en gevra waar die oorledene was. Eben Sinyengu, 'n werknemer in die kafee, het geantwoord dat hy nie dáár was nie. Hierop het die appellant Sinyengu versoek om aan die oorledene te sê die oorledene en 'n sekere konstabel Themba "moet wegbly agter hom want hy gaan hulle tiere wys, hy gaan hulle koppe afhaal." Die volgende oggend het die oorledene vir Sinyengu in die kafee kom vra om na die bushalte te gaan en te kyk of die appellant nog daar staan en of hy 'n "parcel", vermoedelik met dagga, by hom het.

Sinyengu het gaan kyk en aan die oorledene kom verslag doen dat die appellant reeds weg was.

Na oorweging van al dié *aangeleent*hede is ek van mening dat die verhoorregter die getuienis van konstabel Tywili en Eben Sinyengu om goeie redes aanvaar het. Nogtans is die appellant se dreigemente, selfs saam met die ander beskikbare en relevante getuienis, nie genoegsaam om 'n vermoede te skep dat die appellant beplan het om die oorledene te vermoor nie. Wat die getuienis wel toon is dat dagga 'n vername rede was waarom die oorledene in die doen en late van die appellant belang gestel het, en dat die appellant nie met hierdie belangstelling gediend was nie. Die oggend van die noodlottige

voorval .... / 6

voorval was die oorledene op die appellant se spoor en wou weet of hy dagga in sy besit gehad het. Hy het inderdaad dagga in sy besit gehad.

Hoewel die appellant sodanige besit ontken het, blyk die volgende uit die getuienis. Hy het self verklaar dat hy van die misdaadtoneel af na die huis van Olga Kolasi gehardloop het. Sy en haar dogter, Thembeka, was die appellant goedgesind. Hy het hulle vertrou en by hulle skuiling en hulp gaan soek en dit gevind. Albei die vroue het met die verhoor getuig, en hulle getuienis is tereg aanvaar, dat die appellant kort na sy aankoms by die huis aan Thembeka 'n pakkie dagga, wat in sy besit was, gegee het om vir hom te bewaar. Later

het .... / 7

het hy die pakkie teruggevra en van die dagga gerook, het die twee vrouens verklaar. Sy getuienis dat 'n besoeker die dagga gebring en saam met hom gerook het, is ook tereg nie deur die verhoorhof aanvaar nie. 'n Gevolgtrekking dat hy die pakkie dagga by die toneel van die aanval in sy besit gehad het, is ten volle geregverdig. Verder was daar tekens van dagga en dagga-poeier gevind in die baadjie wat hy die betrokke oggend aangehad het. Hierdie teenwoordigheid van dagga in sy klere het hy probeer verklaar deur te sê dat iemand anders die dagga in sy baadjiesakke kon gegooi het, of dat dit net oorblyfsels en tekens was van dagga wat hy 'n paar dae tevore gerook het. Die bewering dat

iemand anders die dagga in sy sak sou gegooi het, is in die lig van al die omstandighede, so onwaarskynlik dat dit buite rekening gelaat kan word. As die dagga oorblyfsels was van dagga wat hy voorheen gerook het, was dit nogtans dagga wat gevind is in die sakke van die baadjie wat hy die oggend gedra het.

Daar kan derhalwe aanvaar word dat die appellant dagga in sy besit gehad het toe hy en die oorledene mekaar dié oggend ontmoet het; hy het self geweet hy besit dagga en die oorledene het dit vermoed. Wilfred Kalipa, een van die ooggetuies van die aanval op die oorledene, het verklaar dat hy naby die T-aansluiting van Weston- en Elanistraat

gestap .... / 9

gestap het toe hy 'n voertuig agter hom hoor stilhou het. Hy het omgekyk en gesien hoe 'n polisievangwa tot stilstand kom en die oorledene uitklim. Die oorledene het na die appellant toe gestap en "probeer om vir hom te 'search'". Die getuie het vertel dat die oorledene sy hande na die sakke van die appellant uitgesteek het. Die ander ooggetuie van die aanval, Nombulelo Job, het hierdie beweging nie opgemerk nie. Die appellant ontken so'n beweging maar erken dat die oorledene hom wou visenteer.

In hierdie verband het die appellant getuig dat die oorledene by hulle ontmoeting gevra het of hy hom kon visenteer. Sy woorde is verder:

"Ek het die polisieman gesê ek weier nie

dat hy my moet visenteer nie, maar ek vra hom net of hy my nie kan in 'n private plek vat of by my huis gaan visenteer nie."

Toe hy later gevra is waarom hy hierdie versoek aan die oorledene gerig het was sy antwoord:

> " .... ek weet by die polisiestasie word jy kaal uitgetrek en dis daarom wat ek nie wil vir my in die publiek uitgetrek en blootgestel het en kaal voor hom te staan nie, daarom het ek hom gevra om my na my huis toe te vat of in 'n private plek om my daar te visenteer, ek het nie juis geweier vir dit nie."

Om te oordeel of hierdie verduideliking aanvaar moet word, is dit nodig om op die volgende te let.

Die appellant het toegegee dat die oorledene as 'n polisieman hom op enige plek, selfs in die straat, kon visenteer, mits hy dit betaamlik

doen en dat hy nog nooit gesien het dat die polisie iemand nakend in die straat visenteer nie. Die appellant het ook erken dat die oorledene die versoek ordentlik gerig het en hom nie gevra het om uit te trek of laat verstaan het dat hy sal moet uittrek nie. Hy het nogtans, so lui sy getuienis, aanvaar dat die oorledene van hom verwag dat hy sy klere daar in Elanistraat sou moes uittrek en hy het die oorledene nie gevra of hy dit sou moes doen nie. Volgens sy getuienis het die oorledene met die voorval drie weke van-te-vore, ook ordentlik gevra of hy hom kan visenteer; hy, die appellant, het toe alles wat hy in sy sakke gehad het, uitgehaal, in sy pet gegooi en vir die oorledene gewys. (Hulle het

later .... / 12

later gestoei omdat die oorledene hom wou aanhou en hy niks sou gedoen het nie.) Sy getuienis oor sy besware teen sy visentering was besonder onoortuigend en hy kon nie bevredigende redes verstrek waarom hy nie die inhoud van sy sakke self geopenbaar het of tot 'n gewone visentering toegestem het nie. Ten slotte, hy het in kruisondervraging toegegee dat indien hy dagga in sy besit sou gehad het, hy hom teen visentering sou verset het.

Al hierdie besonderhede toon dat die appellant nie die waarheid gepraat het oor sy vermoede en die ander besonderhede met betrekking tot die visentering nie. 'n Afleiding dat hy geweier het om hom te laat visenteer omdat hy dagga in sy

besit gehad het, is myns insiens geregverdig. Die verhoorhof het ook tereg bevind dat dit bo redelike twyfel bewys is dat die oorledene redelike gronde gehad het om die appellant te wil visenteer en dat hy te alle tye regmatig opgetree het.

Daar is reeds op gewys dat die weergawes van die twee ooggetuies, Wilfred en Nombulelo, nie enersluidend is oor die aangeleentheid of die oorledene die appellant met uitgestrekte arms genader het nie. Ook oor ander dele van die gebeurtenisse was hulle getuienis nie ewe volledig, of ewe akkuraat nie; hulle het selfs hier en daar van mekaar verskil. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die voorval vinnig afgespeel en gou afgehandel

was, en dat die twee getuies van verskillende afstande en uit verskillende hoeke die gebeurde waargeneem het. Die verskille wat daar wel was, was nie wesenlik nie en het nie verhinder dat die verhoorhof met die aanhoor van die getuienis en hierdie Hof met die deurlees daarvan 'n geheelbeeld van die gebeurde kon saamstel nie. Ook was die verskille en moontlike botsings nie sodanig dat die getuienis van die een of die ander of van albei as onbetroubaar en onaanvaarbaar beskou moet word nie.

Die getuienis van die twee ooggetuies en die van die appellant stem ooreen dat die oorledene en die appellant gestoei het. Hulle is dit egter nie eens oor die omvang van die stoeiery nie. Terwyl

die .... / 15

die een slegs van 'n rondplukkery aan mekaar se klere praat, praat die ander van vuishoue wat geslaan is maar wat meesal nie getref het nie. Volgens die appellant het hy, nadat hy geweier het om daar gevisenteer te word, begin wegstap toe die oorledene sy skouer gegryp en na hom geslaan het; hy het toe teruggeslaan en moontlik die oorledene in sy maag getref. Hierdie hou was waarskynlik die oorsaak van een van die beserings wat aan die oorledene gevind was, naamlik 'n "ruptuur" of breuk van die maag. Dit is nie die ernstigste wond wat deur Dr Schwär met sy nadoodse ondersoek gevind is nie. Daar was ook twee meswonde aan die kop van die oorledene.

Dr Schwär het bevind dat die oorledene

se dood veroorsaak is deur 'n messteekwond aan die linkerkant van sy kop. Dié messteek het uitgebreide breinbesering tot gevolg gehad. Die lem van die mes het in die kop van die oorledene afgebreek en daar agtergebly. Daar was ook 'n meswond van twintig millimeter lank aan die linkeroorbel. Dit het nie deur die oorbel gedring nie maar was 'n snywond "waar die mes oor die oorbel beweeg het." Tydens sy ondervraging is die mes aan die geneesheer getoon en hy verklaar dat die sny aan die oorbel nie met die uittrek van die gebreekte mes veroorsaak is nie en dat daar derhalwe twee bewegings met die mes na die liggaam moes gewees het. Die belangrikste gevolgtrekking van dié getuienis is dat daar twee-

keer na die oorledene gesteek is, en dat die eerste hou sy oorbel getref het en die tweede sy brein binnegedring het.

As gevolg van hierdie afleidings moet die getuienis van Nombulelo dat sy net een steekhou gesien het, as onvolledig beskou word. Die getuienis van die appellant dat hy slegs een hou na die arm van die oorledene gemik en gesteek het, en dat die oorledene gekoes het sodat die mes sy kop getref het, kan derhalwe ook nie aanvaar word nie. Daarteenoor pas die getuienis van Wilfred in by die bevinding van die geneesheer. Hy het soos volg getuig:

"Hy het probeer om die hande van die

X.

> konstabel weg te stoot .... Die beskuldigde het toe 'n mes wat oop was aan (uit?) sy regterkantse sak uitgehaal, Edele, en na die konstabel gesteek, maar die konstabel het die eerste hou ontduik en 'n bietjie teruggestaan. Daarna het die konstabel probeer om sy vuurwapen uit te pluk, maar voor hy dit nog kon doen, was die beskuldigde alreeds by hom .... Hy het toe 'n hou teen die kop van die oorledene gesteek, Edele, en daarna het hy na my rigting gehardloop."

Die verhoorregter het na my mening tereg bevind dat Wilfred se relaas oor hierdie aspek van die saak as waar bo redelike twyfel bevind moet word. Hierby moet gevoeg word dat Wilfred blykbaar nie gesien het dat die eerste hou die oorledene op die oor getref het nie. Verder beteken die bevinding dat die appellant se getuienis oor hoe die stoeiery ontstaan het, hoe die oorledene eerste na X

hom sou geslaan het en hoe hy, in vrees vir sy eie lewe, uiteindelik die oorledene doodgesteek het, as vals verwerp moet word.

Die appellant het ontken dat hy 'n oop mes uit sy sak uitgetrek het; hy het beweer dat hy dit uitgetrek en toe oopgemaak het. Sowel Wilfred and Nombulelo het getuig dat hy 'n mes uitgetrek en gesteek het sonder om die mes oop te maak. Na my mening moet die getuienis van die laaste twee getuies aanvaar word en dié van die appellant verwerp word. So'n bevinding wys slegs op die onbetroubaarheid van die appellant as getuie.

Die appellant wou voorgee dat dit 'n onregmatige handeling van die oorledene was om sy

rewolwer te probeer uithaal en dat hy, die appellant, in vrees dat sy lewe in gevaar was, toe probeer het om die oorledene in sy arm te steek sodat hy nie sou skiet nie. In hierdie verband moet eerstens genoem word dat dit volgens die aanvaarde getuienis duidelik is dat hy tot 'n mesaanval oorgegaan het nog voordat die oorledene sy rewolwersak probeer oopmaak het. Albei die ooggetuies stem saam dat die oorledene niks in sy hande gehad het toe die appellant hom gesteek het nie. Hy het in alle waarskynlikheid aan die rewolwersak gevat weëns die eerste messteek na hom. Die appellant het dus nie in noodweer opgetree soos hy voorgegee het nie. Ten tweede is dit ook uit die getuienis duidelik dat die oorledene nie eens so ver

gekom .... / 21

gekom het om die sak oop te maak nie; na sy dood is gevind dat die sak nog toe was. Ten derde het die verhoorregter op goeie gronde bevind dat die oorledene in alle opsigte regmatig opgetree het; dit geld myns insiens ook vir sy poging op homself teen die appellant se aanval te verdedig.

Daar is aangevoer dat iemand wat 'n ander om die lewe wil bring, hom nie in die kop sou probeer steek nie omdat dit so'n moeilike plek is om 'n dodelike wond toe te dien. Dr Schwär se getuienis oor hierdie aangeleentheid was die volgende:

> "Die enigste kommentaar wat ek kan lewer is dat hy wel nie so baie geweld gebruik het soos wanneer die steekwond byvoorbeel bo deur die kop moes gegaan het. Dat daar tog 'n aansienlike hoeveelheid geweld.

> nodig is om deur 'n skedelbeen te dring, met ander woorde dat dit nie net so 'n klein ou stekie was nie, dit moes 'n relatief harde hou gewees het."

Oor sy ondervinding met noodlottige steekwonde het die geneesheer getuig:

> " ... ek kan net sê wat ek gewoonlik met nadoodse ondersoeke vind, naamlik dat steekwonde van die kop nie algemeen is nie. Steekwonde van die borskas is die algemeenste, maar ons sien wel 'n hele aantal steekwonde ook deur die skedelbeen."

Die betoog dat die appellant nie kon besef het hy gaan die oorledene doodmaak nie en daarom nie die opset gehad het om die oorledene om die lewe te bring nie kan dus ook nie slaag nie. Hy het die oorledene gesteek met die doel om hom dood te maak, of hy het gesteek na 'n gevaarlike plek op sy liggaam sonder om

om .... / 23

om te gee of hy die oorledene sou doodmaak nie terwyl hy die redelike moontlikheid van die oorledene se dood voorsien het.

Na oorweging van al die getuienis en om die redes aangehaal is ek van mening dat die appèl teen die appellant se skuldigbevinding nie kan slaag nie.

Die appèl word afgewys.

P.M. CILLIé, AR

HEFER, AR )
stem saam
SMALBERGER, Wn AR )